# Moet teologiese opleiding kerklik-konfessioneel wees?

F E Deist

Universiteit van Stellenbosch

Abstract

Should theological education be ecclesiastical and confessional?

This article seeks to evaluate the involvement of the church in theological education at universities, and proceeeds from a cosmological rather than a pragmatic perspective. From a cosmological perspective, no university can claim to study *universalia* while ignoring religious perspectives on reality. The Christian religious perspective therefore has every right to be studied and taught at universities. Since this tradition can be adequately understood only with reference to its own assumptions (as professed by the ecumenical church), theological education has to pay close attention to ecclesiastical and denominational confessions. However, no state-funded theological education at university level may be bound by denominationally biased prescriptions.

## 1. INLEIDING

Aartsbiskop Garbett sou eenkeer gesê het: 'I can always tell when the clergy have given up any serious attempt to read or think. It becomes obvious at about the age of forty-five. If a man is an Anglo-Catholic he becomes a bigot. If he is an Evan-

* Voordrag gelewer tydens die kongres van 18 en 19 Junie 1992 in die Senaatsaal, Universiteit van Pretoria met die tema 'Kerklik-teologiese opleiding aan die Universiteit', ter herdenking van die vyf en sewentigste bestaansjaar van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria.

gelical he becomes a sentimentalist' (Green 1982:6). Dit is daarom 'n teken van lewe as die Hervormde Kerk, ná vyf en sewentig jaar van teologiese opleiding, nie maar net feesvier nie, maar ook al feesvierende teologiese vrae stel.

Om die vraag te kan beantwoord of teologiese opleiding kerklik-konfessioneel moet wees, is dit nodig om vooraf vas te stel wat presies onder 'kerklik-konfessionele teologiese opleiding' verstaan moet word.[1]

## 2. WAT BETEKEN *KONFESSIONEEL* IN 'KERKLIK-KONFESSIONEEL'?

In Suid-Afrikaanse kerkhistoriese verband het 'kerklik-konfessioneel' 'n redelik geykte betekenis. In Gereformeerde en meer ortodoksgesinde Nederduitse Gereformeerde kringe beteken 'konfessioneel' dat die drie Formuliere van Eenheid die raamwerk is waarbinne die Skrif bestudeer en uitgelê word. Tensy 'n sinode 'n gravamen gelykgee dat 'n bepaalde formulering of inhoud in die belydenisskrifte onskriftuurlik is, is die individuele teoloog gebonde om die Skrif só uit te lê dat die resultaat van Skrifuitleg in lyn is met die inhoud van die belydenisskrifte.

Gegewe dié redelik geykte betekenis van 'konfessionele teologie' doen dit ietwat vreemd aan dat die Hervormde Kerk die vraag stel of teologie kerklik-konfessioneel moet wees, aangesien die Hervormde tradisie in Suid-Afrika vir baie dekades sterk daarop gestaan het dat teologie *nie* in die Gereformeerde sin van die woord konfessioneel bedryf moet word nie. Hervormers het altyd verkies om na hulle manier van teologiebeoefening te verwys as 'Bybels-Reformatories'.

Reeds toe daar nog besin is oor Hervormde teologiese opleiding in Suid-Afrika, het Goddefroy daarop aangedring dat dié opleiding aan 'n universiteit en nie aan 'n kerklike kweekskool nie, moet geskied (Loader 1989). Dit het nie beteken dat teologie onkerklik moes wees nie, ook nie dat daar iets soos 'n belydenislose kerk is nie, maar dat Skrifnavorsing vry van kerklike binding moet geskied, omdat geen 'belijdenisschrift of formulier boven of nevens het onbedriegelijke Woord des Heeren' kan staan nie. En toe die Nederduitse Gereformeerde Kerk Hervormde teoloë uitgenooi het om aan 'n belydenisgebonde Bybelkommentaar mee te werk, het Greyvenstein & Gemser (1943-1944:98) beswaar gemaak: So 'n benadering maak Skrifuitleg diensbaar aan 'n bepaalde Skrifbeskouing. 'Na ons oortuiging, moet die Skrif sy eie uitlegger wees deur die getuienis van die Heilige Gees in die harte van die gelowiges' (Greyvenstein & Gemser 1943-1944:98). Ook in die eerste uitgawe van *Hervormde Teologiese Studies* (Die Redaksie 1943-1944:1) sê die redakteur: 'Die Heilige Skrif is tog die bron en die norm van ons Godskennis.... Daar het in die geskiedenis van die Kerk altyd weer die gevaar ontstaan dat die Heilige Skrif van sy sentrale plek verdring word om plaas te maak vir menslike geskrifte in die vorm van belydenisse, konsiliebesluite en dogmatieke.' In sy afwysing van die Gereformeerde standpunt skryf Engelbrecht (1945:8):

> Ek het gesê dat dr Kuyper die belydenis tot akkoord van kerklike gemeenskap maak, en dat die neo-Calvinisme wat dit aanvaar tot die konsekwensie daarvan moet kom om die Skrif ooreenkomstig hierdie 'accoord' uit te lê....Die konsekwensies hiervan is noodwendig dat die Skrif aan die belydenis ondergeskik gemaak word.

Dit is juis hierdie afwysing deur prominente Hervormde teoloë van Skrifuitleg binne die raamwerk van 'n kerklike akkoord (ofte wel belydenisskrifte) wat (op voetspoor van die *sola Scriptura* beginsel) in die Hervormde Kerk bekend gestaan het as die 'Reformatoriese' benadering. Dit is hierdie benadering wat skerp afgegrens is van die sogenaamde neo-Calvinistiese opvatting oor wat die rol van die belydenisskrifte in Skrifuitleg moet wees en wat van vroeg af daartoe aanleiding gegee het dat Gereformeerdes die Hervormde Kerk se benadering tot Skrifuitleg vir 'liberaal' aangesien het (kyk *Die Burger*, 4 November 1936 – aangehaal in Loader 1989).

Die skynbare afsydigheid by hierdie teoloë teenoor die belydenisskrifte moet egter nie vertolk word as sou die Hervormde Kerk teen belydenisskrifte gekant wees nie. Reeds Goddefroy het gesê: 'Geen Kerk zonder belijdenis; maar ook geen belijdenisschrift of formulier boven of nevens het onbedriegelijke Woord des Heeren' (Loader 1989). En in hulle antwoord op die uitnodiging om aan die vermelde Gereformeerde Bybelkommentaar mee te werk, skryf Greyvenstein & Gemser (1943-1944:98) dat die redakteurs van die kommentaar, pleks van die rol van die belydenisskrifte op neo-Calvinistiese manier uit te spel, van die standpunt moes uitgaan *dat* die drie kerke dieselfde belydenisskrifte *het*. Dit gaan eerder daaroor dat die Hervormde Kerk ten minste in die bestudering van die Skrif 'n ander *rol* aan die belydenisskrifte toegeken het as wat in die Gereformeerde tradisie gangbaar was.

Wat daardie rol van die belydenisskrifte presies was, is nie duidelik uitgespel nie. Dit wil egter voorkom asof die Hervormde Kerk met N J Hofmeijr se formulering sou kon saamstem, naamlik dat die belydenisskrifte die 'hoofwaarhede' van die Christelike geloof formuleer, maar dat dit nie in detail dogma voorskryf nie[2]. Dit is waarom Gemser (1944-1945:49) kon sê: '...[O]ns wil die Skrif liewer onbevange nader, nòg gevange in die dwangbuis van die tog ook menslike leersisteme van 'n sogenaamde "gelowige" wetenskap, nòg in die oop hemp van 'n sogenaamde vrye, onbevooroordeelde, onderstellinglose wetenskap. Ons staan skepties teenoor altwee.'

Gegewe dié tradisie lyk die tema wat in hierdie bydrae aan die orde gestel word, na 'n retoriese vraag waarop Hervormde teoloë eintlik slegs met 'Nee' sou kon antwoord. Om oor die vroeëre Hervormde *tradisie* te praat, is egter nie noodwendig om oor die Hervormde Kerk aan die einde van die twintigste eeu te praat nie. Van Heerden (1991) se ondersoek na die geskiedenis van Bybelwetenskap in

die Hervormde Kerk het aangetoon dat daar die afgelope twee na drie dekades 'n groter nadruk in Hervormde publikasies gekom het op die rol van die belydenisskrifte in Skrifuitleg en dat daar 'n neiging te bespeur is om die belydenisskrifte al hoe meer 'Gereformeerd', dit wil sê in 'n meer juridiese sin, te verstaan.[3]

As dié waarneming korrek is, kan die tema van dié bydrae meer as 'n retoriese vraag wees en kan 'n mens dit as 'n selfkritiese vraag verstaan. Juis vanweë dié onsekerheid in die bewoording van die tema, word in die res van dié bydrae afgesien van die spesifiek Hervormde konteks en die aandag bepaal by die volgende vra(e):

- Moet teologiese opleiding kerklik wees? En indien wel
- Moet teologiese opleiding konfessioneel (d w s denominasioneel) wees?

## 3. VRAE GEÏMPLISEER IN DIE VRAAG: MOET TEOLOGIESE OPLEIDING 'KERKLIK' WEES?

Analiseer 'n mens hierdie vraag, blyk dit dat dit 'n hele vraekompleks huisves, waarvan ten minste die volgende aandag moet geniet:

- Wat bedoel ons met '*teologiese* opleiding'? Gaan dit oor teologiese opleiding van mense wat bloot belangstel in die teologie, gaan dit oor professionele opleiding van kerklike werkers of miskien oor beide hierdie soorte opleiding?
- As ons van '*kerklike* opleiding' praat, bedoel ons daarmee denominasionele opleiding, opleiding op 'n breër gemeenskaplike belydenisbasis of ekumeniese opleiding?
- As ons van 'kerklike *opleiding*' praat, vra ons daarmee of teologiese opleiding aan 'n kerklike *inrigting* moet geskied of vra ons of teologiese opleiding met die een of ander vorm van kerklike medewerking of inspraak by 'n ander instansie moet geskied?
- Wat is die alternatief op 'kerklike' teologiese opleiding? Is dit teologiese opleiding aan 'n kerklik onverbonde tersiêre staatsonderhoude instelling soos 'n universiteit?
- Hoort teologiese opleiding hoegenaamd op 'n universiteitskampus?

### 3.1 'n Pragmatiese antwoord

'n Mens kan hierdie vraekompleks op verskillende maniere beantwoord. Een moontlikheid is om saam met Schleiermacher (Baumgartner 1991:281; Pröpper 1988) heel pragmaties te wees en te sê dat Suid-Afrikaners nouliks teologie studeer bloot omdat hulle in die vak geïnteresseerd is. Mense studeer teologie omdat hulle 'n professionele opleiding wil ontvang met die oog op kerklike werk. As dit waar is, sou 'n mens kon argumenteer, behoort die teologiese opleiding net soos alle ander

beroepsopleiding (bv prokureurs, rekenmeesters, verpleegsters, maatskaplike werkers) ten nouste saam te hang met die behoeftes van die instansies wat die opgeleides in diens gaan neem, in hierdie geval kerke. Daarom moet teologiese opleiding 'kerklik' wees.

In die geval van teologie is dit egter nie so eenvoudig nie. Ander professies het redelik duidelik geformuleerde vereistes vir hulle opleiding. Die vereistes vir ouditeurs, verpleegsters, maatskaplike werkers, geneeshere of prokureurs is landwyd dieselfde – soms selfs internasionaal dieselfde. Dit geld nie van kerklike opleiding nie, juis omdat daar nie net een kerk is nie, maar 'n verskeidenheid van denominasies wat elk sy eie belydenis of tradisie het waarbinne die professioneel opgeleide persoon gaan werk. Sommige denominasies het 'n fundamentalistiese benadering, ander 'n charismatiese benadering, ander 'n fundamentalisties én charismatiese benadering terwyl nog ander 'n meer vrysinnige tradisie het. Sommige aanvaar die Bybel as enigste norm vir die teologie, ander aanvaar die Skrif én die kerklike tradisie as norm. Sommige is gereformeerd, ander baptisties, ander anglikaans, elkeen met sy eie teologiese styl en kerklike praktyk. Daarmee is nog nie eens geraak aan die sosio-kulturele dimensie van kerk-wees nie. Die verskeidenheid is groot.

Dit is aan die een kant onmoontlik vir één instansie, soos 'n universiteit, om in só 'n verskeidenheid van behoeftes te voorsien. Aan die ander kant sou dit onbillik wees om *almal* se belastinggeld te gebruik om – soos tot nog toe die geval was – in die behoeftes van één of twee van dié denominasionele tradisies te voorsien (vgl Hollerbach 1991). Dit lyk dus uit 'n bloot praktiese hoek byna voor die hand liggend dat elke kerk maar sy eie opleiding moet waarneem sodat elke denominasie mense in sy spesifieke tradisie kan oplei.

Wanneer 'n mens dié pragmatiese pad vat, het jy egter geïmpliseer dat *teologie as 'n dissipline* in werklikheid nie onder die *universalia* tel waaraan universiteite moet aandag gee nie en dat dit daarom al die eeue 'n fout was dat teologie aan universiteite gedoseer is. Teen so 'n konklusie is daar ernstige beswaar in te bring. Daar *is* iets meer universeels aan teologie wat ingeboet sal word as elke denominasie maar sy eie weg sou gaan. Daarom is dit nodig om meer prinsipieel na die vraag oor teologiese opleiding te kyk.

### 3.2 'n Prinsipiële antwoord

Histories het universiteite uit teologiese fakulteite gegroei (Kaufmann 1991:267). Vandag vra ons onsself af: Wat het Jerusalem en Atene met mekaar te doen? (Seckler 1991:242). Die rede vir dié ommeswaai moet waarskynlik in die agtiende tot

vroeë twintigste eeu gesoek word toe mense se wêreldbeeld (kosmologie) onder invloed van die positiewe wetenskappe radikaal verander het (Baumgartner 1991:279).

Solank die bo-wêreldse realiteit nog beskou is as die 'eintlike' werklikheid en die sigbare werklikheid as 'n laer emanasie van die 'ware' werklikheid, was dit vanselfsprekend dat teologie die moeder of koningin van alle wetenskappe moes wees. Namate die positiewe wetenskappe egter gevorder en baie van die eertydse teologiese antwoorde op vrae oor die sigbare werklikheid belaglik gemaak het, het mense se wêreldbeeld verander (Kaufmann 1991:267). Die sigbare en onsigbare kante van die werklikheid het al hoe verder uit mekaar geskuif en uiteindelik het die sigbare werklikheid die eintlike werklikheid geword en is die bo-wêreldse werklikheid al hoe meer vir 'n projeksie van bygeloof aangesien. 'n Mens hoef maar net te dink aan die siening uit die kringe van die logiese positiwisme dat teologie misplaaste poësie is (Ayer [1946] 1974:59) of aan 'n uitspraak soos die volgende deur Bertrand Russell ([1950] 1976:84) om die proses voor die gees te roep:

> Throughout the last 400 years, during which the growth of science has gradually shown men how to acquire knowledge of the ways of nature and mastery over natural forces, the clergy have fought a losing battle against science....After being worsted in astronomy, they did their best to prevent the rise of geology; they fought against Darwin in biology, and at the present time they fight against scientific theories of psychology and education. At each stage they try to make the public forget their earlier obscurantism in order that their present obscurantism may not be recognised for what it is.

Uit dié perspektief kan teologie as 'n universiteitsvak hoogstens uit hoflikheid en vanweë die geskiedenis op universiteitskampusse geduld word.

Dié proses het egter gedurende die twintigste eeu aanleiding gegee tot wat Baumgartner (1991:283) 'n 'sin-erosie van die wetenskap' noem. Geen mens wat glo dat die werklikheid groter as die sigbare werklikheid is, kan egter hierdie proses van sinlediging onderskryf of daaraan meedoen nie. Die wêreld van die negentiende-eeuse positiewe wetenskappe is dan ook in hierdie eeu toenemend deur die natuurwetenskappe self as 'n onverdedigbare reduksie gesien. By name is die bydrae van die godsdiens tot die verstaan van die groter werklikheid ingesien en toegegee. Werner Heisenberg (1969:119) sê byvoorbeeld die volgende van die kousaliteitswette waarmee die natuurwetenskappe onder teologiese verklarings van die werklikheid amok gemaak het:

> Wenn die Naturwissenschaft selbst diesen engen Rahmen sprengt – und sie hat das in der Relativitätstheorie getan, und dürfte es in der Quantentheorie...noch viel mehr tun – so sieht das Verhältnis zwischen der Naturwissenschaft und dem Inhalt, den die Religionen in ihren geistigen Formen zu ergreifen suchen, doch wieder anders aus...

Hy pleit dan dat natuurwetenskaplike en religieuse perspektiewe op die werklikheid as *komplementêre perspektiewe* beskou moet word, sodat die een nie sonder die ander bedink kan word nie (vgl Deist 1990).

As 'n universiteit dus die *totale werklikheid* tot studie-objek het en werklik *universalia* bestudeer (Hünermann 1991), kan dit nie bekostig word om nie 'n fakulteit te hê waar godsdienstige visies op die werklikheid ernstig geneem word nie. Sonder om daarmee 'n pleidooi vir 'n evangelisasieveldtog te lewer of om sy voorstel te onderskryf dat Kuyperianisme die antwoord op die probleem is, meen ek tog dat Newbigin (1986:22) die probleem akkuraat geformuleer het toe hy gevra het:

> As people who are part of modern Western culture, with its confidence in the validity of its scientific methods, how can we move from the place where we explain the gospel in terms of our modern scientific world-view to the place where we explain our modern scientific world-view in terms of the gospel?

As godsdiens dan werklik so 'n noodsaaklike perspektief op die werklikheid te bied het en as teologie iets met daardie perspektief te make het, hoort teologie op 'n universiteitskampus en behoort teologiestudente, wat met die totale werklikheid gaan werk, nie op 'n ander plek as 'n universiteitskampus opgelei te word nie.

Dit is uit dié perspektief prysenswaardig dat Goddefroy en sy medestanders aan die begin van die eeu so sterk daarop gestaan het dat die Hervormde predikante nie aan 'n kweekskool nie, maar aan 'n universiteit opgelei moes word en hulle onvermoeid beywer het vir die stigting van 'n universiteit vir dié doel. Vanuit hierdie perspektief is dit ook korrek dat die Hervormde Kerk sy predikante van die begin af aan 'n universiteit laat oplei het.

As ons uit die perspektief van die wetenskap en van 'n kennisensiklopedie kyk, verdien die bestudering van godsdiens en geloof 'n ewe vername plek op 'n universiteitskampus as natuur- of ekonomiese wetenskappe. 'n Universiteit wat nie erns maak met die akademiese bestudering van godsdiens en geloof nie, onderskryf 'n gereduseerde en daarmee ook 'n redelike antikwariese kosmologie. As dít waar is, behoort teologie nie vanweë pragmatiese (denominasionele) oorwegings van universiteitskampusse te verdwyn nie.

Om egter van die noodsaak vir 'n godsdienstige perspektief na die noodsaak vir Christelike teologie op 'n universiteitskampus te spring, is nie so eenvoudig as wat die paar sinne hierbo dit laat lyk nie. Daarom verdien die vraag aandag of teologie ewe tuis is op 'n universiteitskampus as godsdiensstudie in die algemeen (kyk Seckler 1991:241-242).

## 4. HOORT *TEOLOGIE* OP 'N KAMPUS TUIS?

Hierdie vraag het twee angels: Eerstens of met 'teologie' bloot 'professionele opleiding' bedoel word en, tweedens, of 'n staatsuniversiteit één religieuse perspektief op die werklikheid kan uitsonder vir 'n universiteitsfakulteit.

Op die eerste vraag is reeds prinsipieel geantwoord dat teologie as wetenskap aan 'n universiteit *nie* net op predikante-opleiding gemik kan wees nie, maar ook die plig het om by te dra tot die algemene wetenskaplike insig in die hele werklikheid wat deur die universiteit bestudeer word. Die teologie se bestaansreg op 'n kampus lê nie net in die praktiese nut van sy gemeenskapsdiens nie, maar in die bydrae wat dit tot relevante *kennis* kan maak (vgl Kaufmann 1991:273).

Die tweede sy van die vraag is nie so maklik te beantwoord nie. In sogenaamde 'Christelike lande' (meer korrek: lande waar die een of ander kerk 'n staatskerk is of waar die bevolking ten minste nomineel Christelik is) dring dié vraag hom nie so sterk op die voorgrond nie (vgl Hollerbach 1991; Kaufmann 1991:270). Maar in die Suid-Afrikaanse konteks, waar beduidende persentasies mense geloofstradisies anders as die Christendom onderskryf, word die saak ingewikkelder en sal dit in die toekoms nog ingewikkelder word. Hoort *Christelike* teologie dus op Suid-Afrikaanse kampusse?

Op hierdie vraag kan 'n mens op verskillende maniere reageer. Jy sou kon sê die Christelike geloof huisves die enigste ware geloof en verdien daarom om tussen die godsdienste uitgesonder te word. Vanuit die perspektief van 'n universiteit sou so 'n standpunt problematies wees, aangesien daar aan 'n universiteit na die waarheid *gesoek* word en nie van die waarheid uitgegaan word nie. 'Beskikbare' waarheid sou universiteitstudie juis oorbodig maak en heeltemal strydig met die wetenskaplike proses self wees (Seckler 1991:244; Baumgartner 1991:283-286).

'n Mens sou kon argumenteer dat universiteite uit die bestudering van die Christelike geloof ontstaan het en dat geen ander godsdiens 'n tweeduisend jaarlange tradisie van *kritiese akademiese besinning* deurloop het nie, sodat slegs die Christelike godsdiens *daarom* aanspraak kan maak op 'n plek aan 'n universiteit. So 'n argument sou arrogant en ook nie heeltemal waar wees nie. Die Joodse tradisie van kritiese nadenke en debatvoering is byvoorbeeld ouer as dié van die Christendom, terwyl Confusianisme en Boeddhisme eweneens 'n ouer kritiese tradisie het.

Na analogie van regsfakulteite die wêreld oor sou 'n mens 'n *tu quoque*-argument kon uitmaak: Regsfakulteite doseer hoofsaaklik één regstelsel, naamlik die regstelsel wat toevallig offisieel in 'n spesifieke land gevolg word – in ons geval die Romeins-Hollandse reg – en bring ander regstelsels (byvoorbeeld inheemse reg) terloops of bloot vergelykend ter sprake. Christelike teologie sou in Suid-Afrika in 'n vergelykbare posisie met Romeins-Hollandse reg wees. 'n Fakulteit Christelike Teologie sou dus op 'n pragmatiese vlak en na analogie van ander dissiplines geregverdig kon word. Dié argument sou egter slegs oortuig in 'n omgewing waar daar 'n staatskerk bestaan of waar die grondwet van 'n land slegs bepaalde denominasies 'amptelik' erken (vgl Hollerbach 1991).

In 'n multigodsdienstige, demokratiese land sonder 'n staatskerk sou 'n mens kon argumenteer dat die Christelike teologie *naas* ander religieuse sisteme aan 'n universitêre fakulteit vir godsdiensstudie bestudeer moet/kan word en dat aanvraag en aanbod die relatiewe omvang van die onderdele van so 'n fakulteit moet bepaal. In Suid-Afrika, waar nagenoeg tagtig persent van die getelde bevolking hulleself as Christene beskryf, sou die komponent Christelike teologie byvoorbeeld tagtig persent van so 'n fakulteit kon beslaan. Dit sou die minimum regverdiging bied vir die bestudering van Christelike teologie aan 'n staatsondersteunde universiteit.

Hierdie opsie mag, in vergelyking met die status quo, na 'n troosprys lyk. Dit mag ook as 'n bedreiging ervaar word indien die Christelike teologie deel van 'n breër fakulteit godsdiensstudie sou word en Christelike predikante aan so 'n inrigting opgelei moet word. Pannenberg (1989:101) merk egter tereg op dat godsdiensverskeidenheid vir die Christelike teologie geen nuwe konsep is nie. Sedert die Pauliniese polemiek teen die Judaïsme tot met die Skolastiek het die beredenering van die waarheid van die Christelike geloof sentraal in die teologie gestaan. Dié argument het ook nie in 'n alleenspraak plaasgevind nie, maar *in kontak met* aanhangers van ander godsdienste én die ander wetenskappe.

Dit was enersyds die kultuur van die *Aufklärung*, met sy versplintering van kennis in verskillende 'vakke', wat die waarheidsvraag uit die sentrum van die akademiese debat verdring het en so bygedra het tot die fragmentering van teologie in verskillende 'dissiplines'. Andersyds was dit die dominante plek van die Christelike godsdiens in die Westerse wêreld wat gemaak het dat die Christelike geloof vanselfsprekend as die enigste terrein vir teologiese navorsing aanvaar is. Aan die gefragmenteerdheid van die waarheidsvraag in verskeie 'wetenskappe' sal daar seker nie maklik verander kan word nie. Maar 'n multigodsdienstige konteks vir die beoefening van die *teologie* kan moontlik daartoe bydra dat die waarheidsvraag ten minste hier weer skerp geartikuleer word. So 'n konteks mag selfs daartoe bydra dat

die teologie, wat tans uit talle bloot deskriptiewe 'vakke' bestaan (wat soms moeilik te onderskei is van geesteswetenskaplike dissiplines), weer 'n groter filosofiese eenheid verkry (Pannenberg 1989:106; Kaufmann 1991:275).

In watter weg 'n mens ook al opgaan: As jy van die kant van kosmologie en universalia na die vraag kyk of teologiese opleiding aan 'n universiteit hoort, is dit duidelik dat 'n universiteit 'n fakulteit moet hê waarin die werklikheid vanuit 'n godsdienstige of geloofsperspektief bestudeer word. Maar dit is ook duidelik dat daar in 'n religieus pluralistiese en radikaal demokratiese opset nog 'n *prinsipiële* akademiese saak uitgemaak sal moet word indien die Christelike godsdiens alleen op universiteitstudie aanspraak wil maak. Dit is 'n saak wat verdere besinning nodig het en wat dus nie hier verder beargumenteer word nie.

Dié argument tot dusver gee nie uitsluitsel oor die *aard* van 'n teologiese fakulteit aan universiteite nie. Dit maak egter wel twee dinge duidelik wat met die vraag van hierdie bydrae te make het, naamlik:

* Dat kerke nie kan bekostig om hulle van universiteitskampusse te onttrek nie, aangesien hulle 'n verantwoordelikheid het om toe te sien dat 'n Christelike geloofsperspektief op die werklikheid nie op universiteitskampusse ontbreek nie.
* Dat Christelike teologie op 'n universiteitskampus, waar dit oor *universalia* gaan en wat met algemene belastingbetalersfondse befonds word, ten minste *nie denominasioneel aangebied kan word nie* en daarom ook nie *konfessioneel* in die eng sin van die woord nie.

Indien dié afleidings korrek is en die argument voorlopig beperk word tot die Christelike teologie, dring die volgende vraag homself op: Indien teologie as universiteitsdissipline nie denominasioneel mag wees nie, mag dit dan wel *kerklik* wees?

## 5. MOET TEOLOGIE KERKLIK WEES?

Miskien moet die vraag anders geformuleer word: Kan Christelike teologie *anders* as kerklik wees? Dié herformulering hang saam met die vraag wat onder 'teologie' verstaan moet word.

Die minimum waaraan die Christelike teologie as wetenskap moet voldoen, is dat dit die Christelike geloof en godsdiens self moet verstaan. Dié proses verg egter dat die Christelike geloof nie tot iets anders gereduseer of aan die hand van 'n vreemde beginsel verklaar moet word nie. Dit gaan hier om die beginsel wat Van Oosterzee (1872:345-374, 361) reeds in die vorige eeu soos volg met betrekking tot Skrifuitleg verwoord het:

> ['n 'Bijbelbestrijder' is] hij, en hij alleen, die den Bijbel beschouwt en beoordeelt juist in het tegenovergestelde van dat licht, waaruit de Bijbel, blijkens zijne inhoud, beschouwd en beoordeeld moet worden. [Of:]...wanneer men bij het onderzoek des Bijbels juist van het tegenovergestelde dier beginselen uitgaat, die in den Bijbel-zelven overal op den voorgrond gesteld en als de één̈ig ware beschouwd worden.

Die beginsel dat geloof en godsdiens op sy eie referensievlak 'van binne uit' verstaan moet word, is nie uniek aan die Christelike teologie nie. 'n Godsdienswetenskaplike soos Eliade (1969) lê sterk klem op die noodsaak dat godsdienstige sisteme 'van binne uit' verstaan moet word. In die konteks van die Christelike teologie beteken 'van binne uit': Vanuit die Christelike geloof self. Daarom is Van Huyssteen (1986) reg as hy van teologie praat as kritiese *geloofs*verantwoording (vgl ook Wirsching 1991:307vv oor die dominante rol van geloof in teologiebeoefening). Teologie wat as *Christelike* teologie wil deurgaan, kan nie, in die woorde van Seckler (1991:241-242; vgl ook Seckler 1990:3) 'vryswewend...'n soort akademiese godsdienswetenskap wees nie. Dit is spesifiek 'n funksie van die godsdiens wat daaraan (d i teologie – FED) geboorte gee, maar wat dan tegelyk ook wetenskap onder wetenskappe is wat homself aan die hand van universitêre kriteria ontvou en regverdig.'

Christelike geloof is egter, kragtens sy eie getuienis, nie iets wat privaat bestaan nie. Christelike geloof impliseer die geloofsgemeenskap waarbinne die geloof leef, naamlik die kerk. Daarom impliseer Christelike teologie kerklike teologie, terwyl kerklike teologie nie anders kan nie as om hom aan die kerklike belydenis en nadenke te oriënteer.

Dié opvatting oor teologiebeoefening, wat misverstaan kan word as 'cripto-konfessionalisme' is allesbehalwe konfessionalisme. In konfessionalisme vorm (denominasionele) konfessies 'n juridies afdwingbare *kanon* vir die verstaansproses, terwyl dit hier gaan om die (algemene én besondere) kerklike belydenisse as oriëntasiepunte vir 'n *proses* waarin ook die belydenisse self as kontekstuele produkte van die geloofsgeskiedenis van die kerk funksioneer en wat daarom krities-kreatief geresepteer moet word.

Die vraag is dus nie of teologie kerklik moet wees nie. Die vraag is eerder: Kan teologie (binne die hermeneutiese definisie van die woord) iets anders as kerklik wees? Daarom was die Hervormde Kerk korrek toe hulle in die beginjare van hulle teologiese fakulteit teologie wou bedryf, maar terselfdertyd nie aan spesifieke belydenisskrifte so 'n prominente plek wou gee soos in die Gereformeerde tradisie nie en die belydenisskrifte as 'n verstaans*tradisie* eerder as 'n verstaans*kanon* beskou het.

## 6. MOET TEOLOGIESE OPLEIDING KERKLIK-KONFESSIONEEL WEES?

Ná lang omweë kan die sentrale vraag van dié bydrae nou opsommenderwys meer spesifiek beantwoord word:

* teologie maak 'n essensiële deel van universiteitsopleiding uit;
* teologiese opleiding behoort aan 'n universiteit te geskied;
* teologiese opleiding kan nie anders as om kerklik wees nie.

As hier egter sprake van 'kerklike teologie' is, is dit nie dieselfde as denominasionele teologie nie. Om aan 'n universiteit bedryf te word, moet die teologie *wetenskap* bly. Tereg merk Wirsching (1990:143) op:

> Wenn die christliche Wahrheit...nur *als* Gemeinschaft war sein soll, dann ist sie in der Konsequenz auch nur noch *aufgrund* von Gemeinschaft war, d h reine Funktion. Sie signalisiert dann nur die Kommunikationsprobleme einer jeweiligen Anhängerschaft...Wissenschaftliche Theologie...muss also zugleich herausarbeiten, worüber denn Verständigung erreicht werden soll und in welcher Sprachgestalt die Verständigungsinhalte gültig auszudrücken sind.

Die konsensus oor die geldigheid van die bevindinge van die teologiese wetenskap waaroor Wirsching dit hier het, is nie die konsensus van denominasionele belydenis nie, maar van die tersaaklike navorsingsgemeenskap. Teologiestudente wat wetenskaplik deur universiteite opgelei word, kan dus nie binne die universitêre raamwerk denominasioneel 'afgerig' word nie. Waar denominasies 'n streng denominasionele afrigting vir hulle ampsdraers vereis, kan hulle een van twee weë volg:

* Hulle kan hulle aan universiteitskampusse onttrek en hulle mense aan kerklike seminaria afrig. Daardeur sal hulle egter 'n wesenlike bydrae lewer om universiteitskampusse eensydige opleidingsentra te maak en weier om ons versekulariseerde kosmologie te 'evangeliseer' (oor die praktiese nadele van seminaria, kyk Kaufmann 1991:273-274; Hünermann 1991:328), of
* hulle kan deelneem aan universiteite se soeke na insig in die totale kosmos en so 'toesien' dat Christelike teologie kerklike teologie bly en hulle studente nauniversitêr verder denominasioneel en professioneel in 'n seminarium afrig.

### Endnotas

1. In hierdie bydrae beteken *kerklik* 'die kerk in sy breedste (ekumeniese) gestalte' teenoor *denominasioneel*, wat dui op afsondelike kerke met kenmerkende tradisies en dogmas. *Konfessioneel* verwys na 'kerklike belydenis' in sy breedste sin, byvoorbeeld die ekumeniese simbole, sowel as na spesifieke belydenisskrifte

van pertinente teologiese tradisies (bv gereformeerd) of van spesifieke denominasies. Ouer geskrifte verwys soms na hierdie meer spesifieke belydenisskrifte as 'kerklike akkoord'. Die toepaslike betekenis van 'belydenis' sal telkens uit die konteks duidelik wees.

2. As Hofmeijr en Neethling byvoorbeeld in die vorige eeu na hulle eie standpunt as 'ortodoks' verwys, het dié term 'n ander inhoud as wat mettertyd gebruiklik geword het. Vir hulle beteken 'ortodoks' die aanvaarding van (wat later genoem sou word) die 'hoofwaarhede' van die Christelike geloof. Solank hierdie grenslyne erken word, is daar binne die 'ortodoksie' selfs speelruimte vir die toepassing van 'liberale' navorsingstegnieke. Hoewel die 'regsinnige' denksisteem 'n besondere plek aan die Bybel as *openbaringsoorkonde* toegeken, en ander *sake* wat daarmee saamhang (soos 'openbaring', 'inspirasie', 'onfeilbaarheid', ens) geïmpliseer het, het dit geen *spesifieke* openbarings*teorie*, Skrif*beskouing* (bv inspirasieteorie), of eksegetiese *metode* voorgeskryf nie. 'Regsinnig' het slegs beteken dat iemand aanvaar

   * dat God onafhanklik van die wêreld bestaan,
   * dat God Homself geopenbaar het,
   * dat daardie openbaring neerslag gevind het in die Skrif, wat God self tot stand gebring het, en
   * dat die hoofinhoud van die Bybel (aangaande die verlorenheid van die mens en sy redding), soos uiteengesit in die Gereformeerde belydenisskrifte, *realistiese* verwysingswaarde het.

3. 'Oor *dogma en belydenis* het daar kort na die totstandkoming van *Hervormde Teologiese Studies* 'n hele aantal bydraes verskyn (dertien tussen 1943 en 1946) .... Eers in 1959 het die dogma en belydenis weer aandag gekry... Tussen 1959 en 1969 verskyn daar sowat ses artikels oor dié terrein... Dié artikels gee...blyke van 'n "strenger" hantering van die kerkleer... Sedert die tagtigerjare is daar die opvallende tendens dat byna alle besinning oor die dogma en belydenis gemoeid is met die aard daarvan.... In een enkele uitgawe van *Hervormde Teologiese Studies* verskyn daar nie minder nie as vyf bydraes wat die belydenis op dié manier bestudeer.'

## Literatuurverwysings

Ayer, A J [1946] 1976. *Language, truth and logic*. Middlesex: Pelican Books.

Baumgartner, H M 1991. Von den Königin der Wissenschaften zu ihrem Narren? Bemerkungen zur Frage, warum Theologie zur Universität unserer Tage gehört. *ThQ* 171, 278-299.

Deist, F E 1990. The hermeneutics of the sacred and the task of biblical studies in a secularised world. *Scriptura* 33, 6-15.

— 1991. Wetenskapsteorie en vakmetodologie in Bybelwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika: 'n Wetenskapsteoretiese en sosiaal-historiese studie, in *Bybelwetenskap in die Ned Geref Kerk 1850-1900*, Vol 2. Verslag aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Eliade, M 1969. *The quest: History and meaning in religion*. Chicago: University Press.

Engelbrecht, S P 1945. *Neo-Calvinisme: Ontwikkeling en afwyking. 'n Woord van verweer*. Pretoria: J H de Bussy.

Gemser, B 1944-45. Die organiese eenheid van objektiewe Bybelondersoek. *HTS* 2, 49-65.

Gemser, B & Greyvenstein, J H J A 1943-1944. Verklaring insake: 'n Afrikaanse Bybelverklaring. *HTS* 1/1, 97-98.

Green, J 1982. *A dictionary of contemporary quotations*. London: Pan Books.

Heisenberg, W. 1969. *Der Teil und das Ganze: Gespräche im Umkreis der Atomphysik*. München: Piper Verlag.

Hollerbach, A 1991. Aktuelle Fragen aus dem Recht der theologischen Fakultäten. *ThQ* 171, 251-264.

Hünermann, P 1991. Die Theologie und die universitas litterarum: Eine historische und systematische Reflexion im Ausgang vom II Vaticanum. *ThQ* 171, 316-329.

Loader, J A 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45, 412-437.

Kaufmann, F-X 1991. Theologie zwischen Kirche und Universität. *ThQ* 171, 265-277.

Newbigin, L 1986. *Foolishness to the Greeks: The gospel and western culture*. Grand Rapids: Eerdmans.

Pannenberg, W 1989. Die Religion als Thema der Theologie. *ThQ* 169, 99-109.

Pröpper, T 1988. Schleiermachers Bestimmung des Christentum und der Erlösung. *ThQ* 168, 193-214.

Redaksie 1943-44. Woord vooraf. *HTS* 1, 1-2.

Russell, B 1950 [1976]. *Unpopular essays*. London: Unwin Paperbacks.

Seckler, M 1990. Die Christliche Glaube und die Wissenschaft: Überlegungen zu den Dimensionen eines keineswegs sinnlosen Konflikts. *ThQ* 170, 1-9.

Seckler, M 1991. Kann und soll die Theologie an der Universität Zukunft haben? *ThQ* 171, 241-246.

Van Heerden, S W 1991. Bybelwetenskappe in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in Deist, F E, *Wetenskapsteorie en vakmetodologie in Bybelwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika: Verslag aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*, Volume 3 Deel B Afdeling 2, 25-109.

Van Huyssteen, J W V 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording*. Pretoria: RGN.

Van Oosterzee, J J 1872. *Bijbelbestrijding: Voor kerk en theologie*. Utrecht: Kemink en Zoon.

Wirsching, J 1990. *Kirche und Pseudokirche: Konturen der Häresie*. Göttingen: Vandenhoeck.

Wirsching, J 1991. Evangelische Theologie an der Universität: Anmerkungen und Überlegungen. *ThQ* 171, 299-315.